# Die tweepot-aftreestelsel
## Belangrike inligting om van kennis te neem

**Geagte «CLNT_TITLE» «CLNT_INITIALS» «CLNT_SURNAME»**

Plannommer: «PLAN_NR»
Aandelerekeningnommer: «BDA_NR»

---

## Befondsing van u **Spaarkomponent**

Omdat u ‘n gewaardeerde lid van die **Persoonlike Portefeulje Aftreefondse** is, het ons u onlangs in kennis gestel van die nuwe aftreestelsel, algemeen bekend as die **tweepot-aftreestelsel** (hierná genoem **“die tweepot-stelsel**”), en hoe dit u vanaf 1 September 2024 gaan affekteer. ‘n Afskrif van die kommunikasie is beskikbaar by Retirement-Reform-Two-pots-Client-communication-Afr.pdf (glacierinsights.co.za). Meer inligting is beskikbaar op ons **Glacier Retirement Fund Member Information Hub**. Besoek hierdie inligtingsblad asseblief gereeld aangesien ons deurlopend inligting byvoeg soos dit beskikbaar raak.

**Hierdie kommunikasie is om u in kennis te stel dat u aandele uit u belegging se aandele-portefeulje moet verkoop om u spaarkomponent te befonds.**

Neem asseblief kennis dat die implementering van die tweepot-stelsel onderhewig is aan die goedkeuring van die reëlwysigings van die Persoonlike Portefeulje Aftreefondse deur die Gedrags-owerheid vir die Finansiële Sektor.

### Hoe affekteer die tweepot-stelsel u?

U spaarkomponent sal gelyk wees aan 10% van die waarde van u gevestigde komponent soos op 31 Augustus 2024 (met ‘n maksimum van R30 000). Die waarde van u aandele-portefeulje sal dus in ag geneem word wanneer u spaarkomponent bereken word.

### Hoe sal die verkoop van aandele om u spaarkomponent te befonds, werk?

Die bedrag wat vanaf u gevestigde komponent geallokeer word, sal eers vanaf die **kollektiewe beleggingsfondse** in u plan befonds word. Aangesien die waarde van die kollektiewe beleggings-fondse nie genoeg is om u spaarkomponent te befonds nie, sal dit nodig wees om **aandele uit u aandele-portefeulje te verkoop**.

Die proses vir die verkoop van aandele sal as volg werk:

| | |
|---|---|
| As ‘n lid met ‘n **nie-diskresionêre mandaat** kan u aandelemakelaar slegs instruksies uitvoer | Dit sal nodig wees dat u teen **31 Augustus 2024** vir die aandele-makelaar of derdepartybestuurder ‘n instruksie stuur om aandele ter waarde van **R«BALANCE»** uit u aandele-portefeulje te verkoop. Hierdie bedrag is gelykstaande aan die bedrag wat nodig is om u spaarkomponent te befonds.<br><br>Indien dit teen 31 August 2024 nie gedoen is nie, sal Glacier namens u ‘n instruksie aan die aandelemakelaar stuur. |

- Die opbrengs van die verkoopte aandele sal in ‘n geldmarkfonds in u gevestigde komponent geplaas word.
- Indien u nie ‘n geldmarkfonds as deel van u gevestigde komponent het nie, sal die fondse in die Glacier Geldmarkfonds in u gevestigde komponent geplaas word.
- Die **spaarkomponent** sal dan vanaf die geldmarkfonds in u gevestigde komponent befonds word om die **volle onttrekkingsvoordeel** in u spaarkomponent op te maak, tesame met die opbrengs van die kollektiewe beleggingsfondse.

Ons beveel aan dat u u finansiële tussenganger kontak om te help met die proses om die aandele te verkoop om u spaarkomponent te befonds.

Kontak asseblief ons Kommunikasiesentrum by 021 917 9000 / 0860 452 237 vir enige verdere navrae.

Vriendelike groete

**Natashja Terblanche**
**Hoof: Kliëntediens**

**Tel:** +27 21 917 9000 / 0860 452 237
**Faks:** +27 21 947 9210
**E-pos:** client.services@glacier.co.za
**Webblad:** www.glacier.co.za

Glacier Financial Solutions (Edms) Bpk | ‘n Lid van die Sanlam Groep | Privaatsak X5 | Tygervallei 7536 | client.services@glacier.co.za | Tel +27 21 917 9000 / 0860 452 237 | Faks +27 21 947 9210 | www.glacier.co.za | Twitter @GlacierBySanlam | Reg Nr 1999/025360/07

Sanlam Lewensversekering Bpk | life@sanlam.co.za | Tel + 27 21 916 5000 / 0860 726 526 | Faks +27 21 947 9440
Reg Nr 1998/021121/06 | Gelisensieerde Finansiële Dienste Verskaffer | Sanlam's Privacy Policy

DINK WÊRELDKLAS